# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***3/22***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregisteer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is registered with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact**: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen vrunden!*

Nog 'n woelige kwartaal vol aktiwiteite en korrespondensie is verby. Ons verwelkom graag as nuwe lede Dr Louis Smith van Langebaan en mnr Johann Mostert van Malmesbury. Mag hul verbintenis met ons Stigting lank en gelukkig wees.

**Van die Komitee**
Ons berig met spyt dat ons gewese voorsitter Mnr Piet Westra, R.O.-N., M.Bibl. (UP) op 29 Julie oorlede is. Sy afskeidsdiens was op 13 Augustus. Piet was een van die groep begaafde Nederlandse kinders wie se ouers in die moeilike jare na die oorlog Suid-Afrika toe verhuis het. Vyftig jaar later het hy as Direkteur van die SA Nasionale Biblioteek in Kaapstad afgetree. Piet was voorsitter van verskeie nuttige openbare komitees soos die Van Ewijk Stigting, Vriende van die Nederlandse Biblioteek en Stigting VOC, asook 'n Ridder in die orde Oranje-Nassau, en daarby 'n Africana-uitgewer, bibliofiel, orrelis, ens. 'n Reuse boom het geval.

Die komitee was op 2 Augustus in 'n gesamentlike vergadering met die Weskus Nasionale Park se ere-veldwagters en Erfenis Wes-Kaap, **(sien foto's)** oor (a) die bewaring van die VOC-baken op Geelbeksfontein, en (b) die herwinning van die VOC-seinkanon van Konstabelkop in die Park, wat tans by die Vygevallei padstal lê. Daarna het komiteelede Moorreesburg besoek om met die Swartland Munisipaliteit te praat oor die herwinning van die VOC-seinkanon wat voor die munisipale gebou gemonteer is, en die terugplasing daarvan op die plaas Kanonkop in dieselfde distrik. Ons nuwe lid Johann Mostert het 'n waardevolle bydrae tot laasgenoemde projek gemaak.





Foto: Rudolf Rode

*Uitstappie na Kersefontein*

Een-en-dertig van ons lede het op 31 Augustus die historiese plaas Kersefontein van Mnr Julian Melck op die Laer-Bergrivier besoek. Mnr Melck is die agtste geslag van die bekende vryburger Martin Melck, uit die VOC-tyd, wat nou daar boer. Dit was ’n pragtige sonskyndag en die Sandveld was in volle blom. Eerste het ons die familie-kerkhof besoek, wat meer as twee eeue oud is. Daana het mnr Melck ons oor die plaas se geskiedenis en die geboue op die werf ingelig. Toe het ons die binnekant van die huis bekyk, vol met wonderlike meubels, Kaapse silwer, Delfsblou erdewerk en ander rare artefakte. Ons het almal in die beroemde voorhuis aangesit vir middagete. Die besoek is afgesluit met ’n paar groepfotos. Die Melck-familie beplan om in Oktober aanstaande jaar die 300-jarige geboortedag van hul voorvader te herdenk.




















Foto's: Alex Giardini en Jean Sleigh

Lesings: *Kontak tussen die VOC en inboorlinge op die Suid-ooskus van Afrika*. Ons tweede kwartaallikse lesing is op 3 September deur voorsitter Alex Giardini gelewer. Dit was 'n besonder interessante aanbieding. Die gebied onder bespreking strek van Kaap Agulhas tot Maputo. Die kontakte was meesal onbeplan, en die gevolg van skeepswrakke. Opmerklik was dat verskeie van die skipbreukelinge verkies het om tussen die inboorlinge te bly woon.



Foto: Viljoen van Heerden




Kaart: J. de Bucqoij. Fort Lijdsaamheid, 1727

Ons volgende lesing, die laaste van 2022, word deur Dr Alberta van Rooyen op 26 November by SASNEV gelewer, oor die VOC se gebruik van die Buffelsvallei op die Kaapse Vlakte, waar die groot vleie soos Rondevlei en Zeekoevlei voorkom. Daar is ook die sogenaamde Prinsesvlei, onderwerp van die mite dat ’n Koina-prinses, verkrag deur Portugese soldate, se trane die vlei gevorm het. Maar waarom is daar geen Prinsesvlei op enige van die vele kaarte uit die VOC-tyd nie? En hoe het die Prinsekasteelrivier onlangs van geslag verander? Dr Van Rooyen is ’n medevegter in die stryd teen moderne pseudo-geskiedenis.

**Uit die NG Kerkargief:** ’n transkripsie.

Een van ons lede het gevra wat in die dokument staan wat in ons vorige *Generale Missive* as ’n illustrasie gebruik is. Baie interessant; dit is ’n opgaaf van die VOC-muntstukke (ryksdalers) wat deeur die kerk aan ’n silwersmid verstrek is om ’n nagmaalstel vir die Kaapse gemeente se gebruik te maak. Dit was in die jaar 1669. Die silwersmit was Daniel Egt. Die twee bekers is met die VOC-monogram versier. ’n Klont onverwerkte silwer ter waarde van ƒ40 : 10 - het oorgebly. Wat was die relatiewe waarde van dié nagmaalservies? 'n Soldaat, met die gewone soldy van ƒ10 per maand, moes 28 maande werk vir die ƒ279 wat die servies gekos het.





<u>Transkripsie</u>: ‘*Silverwercken ƒ279: - : gemaeckt van der armen penningen en gebruijckt werdende bij der kerck onder d’ uijtrijckinge van’t H: avontmael en de bedieninge des doops, bestaande uijt*

*1 schotel:*
*2 commen: wegende 73 ½ Rixdaelders*
*2 taeffelborden, en zwaerte costende met maeckloon 238:10:-*
*<u>2</u> beekers.*

*Een ongeformeerde silvere clomp, zijnde 't overschot en wegende 27 loot, getaxeerd op.. 40:10:-*

*Transportere ƒ14121:18:2*


Bronne:
Teks: A 15501, NG Kerkargief. Foto: G. Hofmeyr (Hoofred.): *NG KERK 350.*

**Van Riebeeck dagregisters te koop**

'n Stel van drie dele van die gepubliseerde *Daghregister gehouden bij den Oppercoopman Jan Anthonisz Van Riebeeck, 1651-1662*, is aan ons Stigting VOC geskenk, om verkoop te word ter stywing van ons Bewaringsfonds. Die stel is in 1957 deur A Sijthoff in Den Haag gedruk en deur AA Balkema vir die Van Riebeeck-Vereniging in Kaapstad uitgegee. Die redakteurs was Dr DB Bosman en Dr HB Thom.


Hierdie is die Genesis-boeke van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die teengif vir alle pseudo-geskiedenis oor die Stigtingstyd. Die teks, in sewentiende Nederlands geskryf, bevat 'n daaglikse beskrywing van gebeure vandat Van Riebeeck met vrou en kind in 1651 uit Texel Kaap toe vertrek, totdat hulle tien jaar later weer die Kaap verlaat het, op pad Ooste toe. Elke dagstuk begin met 'n beskrywing van die weer (en hoe het die weer nie verander van toe tot nou nie.) Daar is ontmoetings met verskillende inboorlinge, individueel en in groepe, beskrywings van bouwerk, landbou en tuinmaak, verkenningstogte, ontmoetings met wilde diere, probleme met skeepsvoorsiening, die verwagtinge van die owerhede in Nederland en in Batavia, siektes en sterftes, die kom en gaan van skepe, muitery, die eerste vryburgers, oorlog en alles wat in 'n avontuurverhaal gevind word. En veel, veel meer.

Die stel is in hardeband, met verklarende voetnotas, kaarte, illustrasies en 'n afabetiese register, en is in 'n goeie, sterk en skoon toestand. Die prys is 'n billike R1000. Belangstellendes kan ons voorsitter Alex Giardini skakel (e-pos: alex@bergsoom.com) en die bedrag in ons Stigting se rekening betaal. (LW: Die *Grote Atlas* wat in die vorige *Generale Missive* geadverteer is, is nog dieselfde aand opgeraap.)




**Collectors Corner**

*Dutch warship 'Pluto' sails to the Cape, after the Treaty of Amiens, 1802.*


Extract uit de Resolutien van den Raad der Aziatische Bezittingen en Etablissementen

Maandag den 26 April 1802


Alkmaar, 29 April 1802.

The document, dated 26 April 1802 is a resolution of the Report of the Department of Indian Affairs in Alkmaar in which the request by Jan Tromp for his son Johannes Tromp to depart as a passenger on the warship *Pluto* to the Cape of Good Hope. Permission was granted and signed (on the second page) by S. Dekker in Alkmaar on 29 April 1802. The document has the embossed "*klein zegel 6 stuivers 1802*" of Alkmaar. The paper is watermarked with The Maid of Dort type 1.

During the war the self-proclaimed Batavian Republic was on the side of France and Spain, against the UK and her Allies. After the treaty of Amiens (27 March 1802) the Dutch sent a large armada to various parts of the world to protect "the newly negotiated" territories. The Dutch had to relingquish Ceylon but regained control over the Cape. This trip had two main goals: To convey Commissioner-General A.J. de Mist to the Cape, and to sail to Batavia to start Trading.  In the east bound squadron were 3 large war ships, destined for the Cape of Good Hope and the Dutch East Indies, namely *Pluto, Kortenaar* (both 68 guns) and *Bato* (74 guns). They were joined by the frigate *Maria Reygersbergh* (32 guns) and 3 smaller brigs. Simon Dekker was appointed '*Schout bij Nacht*' of this squadron, and he sailed on the *Pluto*. 'Schout bij nacht' means rear admiral. It originates from the time when the admiral was sleeping, at night, and the control of the entire fleet was assigned to the "schout bij nacht." The *Pluto* was

built at the docks in Vlissingen in 1798, for the Batavian Navy. Its length (lower deck) was 180 feet, and the width (inside) 48 feet.  Cargo hold:  21 9/11 ft. – Dr Mike Barter

Opmerkings: Die Vrede van Amiens (onderteken 27 Maart 1802) tussen Engeland en Frankryk met sy bondgenote (o.a die Bataafse Republiek) het die eerste Napoleontiese oorlog tot ’n einde gebring. Onder andere is bepaal dat Nederland die hele eiland Ceylon aan Engeland moes afstaan, maar die Kaap, na agt jaar van Britse besetting, sou terug kry. Die skip *Pluto* was vlagskip van die eskader van veertien Bataafse skepe, wat troepe en voorraad Kaap toe en daarna Batavia toe sou vervoer; Skout-Admiraal Simon Dekker was bevelvoerder van die vloot. Die skip het ’n bemanning van 230 en ook die 5de Waldeck Regiment van ongeveer 600 soldate aan boord gehad. Op die skip *Bato* in dieselfde vloot, was sowel advokaat AJ de Mist as generaal JW Janssens, om respektiewelik kommissaris-generaal en goewerneur van die Kaap te word. Die vloot het op 5 Augustus 1802 uit Texel vertrek, by Lisabon aangedoen en Tafelbaai van19 tot 23 Desember 1802 een-een binne geloop, waar die agterdogtige Britte die oorgawe van gesag tot 21 Februarie 1803 vertraag het. – D. Sleigh
[***Bron***: I. van Oordt: *The battle for the Cape, 1778 to 1806.* pp.216-217.]

**Verstaan dié kaart**



Hierdie handgetekende en gekleurde kaart, sonder die kartograaf se naam of ’n datum, is om verskillende redes ’n rariteit. Daar bestaan twee identiese kopieë, een in die *Nationaal Archief* in Den Haag en ’n effens kleiner weergawe (M1 / 273) in die Wes-Kaapse Argief in Kaapstad. Dit beeld die VOC-kolonie aan die einde van die Sewentiende Eeu uit, tot omtrent 60 km van die hoofstad af (van Kaapstad tot Kaappunt is 52 km.) en bevat besonder baie inligting oor die nedersetting. Ons sien onder andere die France Quartier aan die bolope van die Bergrivier, enkele Koina krale, nuwe plase in die Drakenstein distrik, die dorp Stellenbosch, die buitepos Hottentots-Holland II (vóórdat WA van der Stel dit vir homself as sy Vergelegen toegëien het), en die pad oor die berg na die ‘Soesequas’ (dit is die Chainouqua van Hoofman Dorha). Vreemd

is die groot sirkelvormige '*Kraalen of huisen der Hottentotten*' oos van die Bergrivier, omdat 'n duidelik gemerkte pad daarheen loop. Dit beteken dat die kraal op een plek bly en die inboorlinge nie langer nomadies was nie. Is hul beweging deur boereplase ingeperk? Die groot riviere word onder hul steeds bekende name aangedui. Die vryburgers oos van die Liesbeeck se plase en die Kompanjie se buiteposte wes van die rivier is genommer, en 'n genommerde sleutel verskaf hul name.

Kan die seldsame kaart dateer word? Interne inligting bring ons baie naby daaraan. Die plaas Babylonstoren is in 1690 aan Pieter van der Byl toegeken, terwyl die burger Broertje Louw van Louwvliet (plaas nommer 9 op die Liesbeeck), wat in 1691 oorlede is, nog in die lewe is. Ons het dus sowel 'n vroegste as 'n laatste moontlike datum. [Dank aan lede Louis Louw en Daniel Jacobs vir inligting. DS]

**Herbegrafnis van VOC-personeel**

Op 23 Augustus 2022 is die oorskot van VOC-personeel wat tussen 1743 en 1795 in die Simonsbaaise hospitaal oorlede en in die naby-geleë kerkhof begrawe is, herbegrawe in die NG Kerk-gedeelte van die ou Simonstadse kerkhof. Die oorskot is deur argeoloë op gegrawe voordat die perseel van die gewese VOC-kerkhof vir 'ontwikkeling' oop gestel is. Die program van die okkasie toon dat Ds. Barnard van die NG Kerk Vishoek die diens gelei het, daar was toesprake deur die Kurator van die Simonbaaise Museum, die verantwoordelike argeoloë, verteenwoordigers van die Nederlandse Konsulaat en Erfenis Wes-Kaap. 'n Gedenksteen sal later op die graf opgerig word.








Foto: Buitepos Simonsbaai, 1777. Die hospitaal is die driegewel gebou, agter regs.

**Nuwe boeke.**

'n Venster op die verlede: D. Sleigh: *Retoervloot: Kaapstad en die VOC in 1713.*

Dr. D. Sleigh se jongste boek, *Retoervloot: Kaapstad en die VOC in 1713* (2022), (foto hierbo)vertel die boeiende geskiedenis van die VOC se globale handelsryk en die Maatskappy se afhanklikheid van hul retoervlote vir die suksesvolle vervoer van hul waardevolle en luukse handelsware. Met die gebruik van 'n groot verskeidenheid van argivale bronne, verskaf Sleigh se *Retoervloot* aan die leser 'n omvattende insig in die verskillende reise van die Maatskappy se retoervlote en die komplekse bestuur van hul vlote. Die VOC se uitgebreide dokumente - en rekordhoudingstelsels aan boord van hul skepe vertel op sy eie 'n indrukwekkende verhaal van dié komplekse reise. Sleigh se toevallige ontdekking van VOC admiraal Van Steelant se 1713

reisjoernaal in die biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand, is een van dié dokumente wat vir die leser ’n wonderlik kleurvolle terugblik bied na die reis en werking van ’n retoervloot. Van Steelant se joernaal vertel die verhaal van sy reis vanaf die VOC se handelspoort by Batavia terug na Nederland en van sy tyd as die besoekende kommissaris by die Maatskappy se maritieme diensstasie aan die Kaap de Goede Hoop. In die dokument maak Sleigh ’n belangrike ontdekking - die oorspronklike draers en nie-bedoelende verspreiders van die verwoestende Kaapse pokke-epidemie van 1713 was Van Steelant se kinders. Sleigh se *Retoervloot* bied nie net aan die leser die omvattende geskiedenis van VOC-retoervlote en die werking daarvan nie, maar in sy bespreking en analisering van Van Steelant se reisjoernaal, verskaf *Retoervloot* ook die indrukwekkende en omvattende geskiedenis van die vroeë Kaap, die impak van die eerste pokke-epidemie en ’n goeie oorsig van die handel en wandel van die VOC se handelsryk. ’n Waardevolle moet-hê boek vir enige liefhebber van die VOC se geskiedenis. - Christiaan Burger.

*Behouwde vaert / Selamat jalan / Go well*

D. Sleigh (Dr): Redakteur
Jean Sleigh: Tegnies
5 September 2022